## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

14 Maart 2013

Dagsê Almal

Die Here het weer vir ons sy Almag getoon in die sewe dae wat verby is. Deur sy genade het van ons swaarkry mense werk gekry, blyplek gekry, klere ontvang, voedsel, liefde, gesondheid, bystand, berading, brille, ens. Daar is so baie dat ek die bladsy gaan vol skryf. Dankie Hemelse Vader vir alles wat ons ontvang het. Dankie aan elkeen vir wie dit op die hart gelê was om ‘n bydrae te lewer. Ek staan met verwondering en dikwels trane in my oë, en sien hoe alles bymekaar uitkom en ek dank Hom vir sy seëninge oor my. Saterdag klim ons in die kombi oppad terug van die susterssaamtrek by Akasia en een van die vroue sê: “Dit was ‘n hemelse ervaring”. Ek was skoon bewoë, want vir die meeste van die 14 dames wat saam met my was, was dit ‘n eerste keer dat hulle so bevoorreg was om so-iets by te woon en ‘n mooier opmerking kon niemand gemaak het nie. Dankie weereens vir elkeen wat bygedra het om dit moontlik te maak.

Vandag trek ek die stoute skoene aan en vra ek ‘n paar dinge vir die huis. Ons ontvang baie kombuis apparate maar dikwels is dit onbruikbaar en daarom my vrymoedigheid om die volgende te vra: a) Hand en elektriese menger/klitser, voedselverwerker, b) GROOT sink bad vir die verwerking van groot maat groente asook groot emmers en skottels, c) ***Nuwe bussie*** – ek ry elke dag met die 1997 rooi kombi wat BAIE swaar op brandstof is en nie baie betroubaar nie, d) Besigheidsmanne en vroue wat graag eenmalig R5000 kan/wil skenk vir die huisverbeteringe, e) Debietorders vir ‘n maandelikse bydrae van R50 of meer, f) Bruikbare skoendose / appelbokse, g) lintjies, kraletjies, knope, pêreltjies en ander wat ons kan gebruik vir ons handwerk projek, h) kos vir die kombuiskaste, i) toiletpapier en toiletware vir dames, j) waspoeier of sunlightseep vir die gesinne, k) breekware en messegoed, l) ketels, strykplanke en -ysters, m) tuinstoele, tafels en sambrele vir buite, n) wasmasjiene, o) hangers. Sjoe dis ‘n mondvol maar ek glo ook ‘n uitdaging vir almal wat graag betrokke wil raak met hierdie projek wat waarlik vreugde en genoegsaamheid bied vir elke gewer. Sien uit daarna om julle hier te ontvang.

Baie baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete. Annatjie

Ons bankbesonderhede is as volg:

***Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001 of 01594500***